

PINKSTERFEES: Sondag, 31 Mei 2020

Fokusteks: Johannes 20:19-23

Merke en littekens. Ek is seker daarvan baie van julle het iewers 'n litteken of twee, dalk meer op jou liggaam. Elkeen vertel 'n storie. Sommige is snaakse stories, ander weer van 'n ernstige aard. Miskien is dit 'n brandmerk op jou arm of hand toe 'n warm kastrol jou gebrand het. Dalk is dit 'n plek waar die dokter steke moes insit nadat jy jou per ongeluk raakgesny het. Dit kan ook littekens wees as gevolg van groot en delikate operasies wat jy moes ondergaan, soos 'n hartoperasie of 'n kankergewas op jou gesig wat verwyder moes word. Elke merk vertel iets van 'n stuk pyn en ongemak wat jy moes verduur. Sommige littekens kan jy nie op jou liggaam sien nie, omdat dit geestelike en emosionele pyn verteenwoordig. Maar dit het jou van lewensvreugde ontnem. Hoe jy ook al daarna kyk, letsels, of dit nou fisies of emosioneel van aard is, getuig van pynlike en onaangename situasies. Elke keer wat jy daarna kyk word jy daaraan herinner.

Die merke op Jesus se sy en sy hande vertel ook 'n storie. Dit vestig die aandag op God se groot plan om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel. God het sy Seun gestuur, Hy is bespot, verneder, verwerp en uiteindelik met spykers aan 'n kruishout vasgeslaan. Terwyl Hy daar in volslae pyn en verlatenheid gehang het, is Hy boonop met 'n spies in sy sy gesteek. Hy het gesterf, maar is op die Sondagmôre weer opgewek, gereed om sy plek by die regterhand van sy Vader in te neem. Dis 'n teken van sy heerskappy oor alle magte. Ons ontvang sy Gees as Trooster om by ons te wees. Die werk van die Gees is om die opstanding van Jesus te proklameer en te vestig as die beginpunt van 'n totale nuwe lewensorde. Mense kan nou gehelp word om dit te glo en daaruit te leef. Die effek van die opstandingsverhaal kan 'n lewensveranderende invloed op die wêreld hê. Jesus se merke aan sy liggaam is vir ons tekens van vrede, hoop, blydschap en nuwe lewe. Die storie van God se liefdeshart sit daaragter.

Is dit nie ironies dat ons 'n instrument van pyn en dood, die kruis, 'n vloekhout, as simbool van vreugde gebruik nie? Dit staan in ons kerke, ons hang dit om ons nekke en aan die truspieëltjies van ons motors. In die nagmaal eet ons brood om te dink aan die liggaam van Jesus wat vir ons gebreek is. Ons drink die wyn as herinnering aan sy bloed wat vir ons gevloei het. Tog is dit tekens van vreugde, dit maak ons bly, dit troos ons, dit rig 'n moedlose gees weer op. Die merke op Jesus se liggaam is inderdaad 'n goeie storie met 'n goeie einde.

Jesus se merke van die wonde bring goeie nuus en vrede vir sy dissipels. 'n Mens kan die vrees van die dissipels begryp. Die Jode het skynbaar 'n oorwinning behaal met die dood van Jesus. Nou is die dissipels bang dat dieselfde lot wat Jesus moes deurmaak, hulle ook sal tref. Die owerhede kon enige tyd op hulle toeslaan om enige verdere Jesus-aksies in die kiem te smoor. Daarom is die deure gesluit. Hoe Jesus kon inkom, word nie verduidelik nie. Dalk moet ons maar net onthou dat geslote deure nie die teenwoordigheid van Jesus kan verhoed nie.

Jesus groet hulle met die vredesgroet waarmee mense mekaar normaalweg gegroet het - *shalom*. Maar hierdie keer is dit met 'n baie dieper inhoud gevul. Die dissipels was in die dae voor die kruisiging nie baie getrou aan Jesus nie. Petrus het Hom verloën, daar was jaloesie oor wie van hulle die belangrikste plekke in die koninkryk sou hê en met die kruisiging was daar min van hulle te sien. Maar Jesus kom nie met verwyte nie. Hy kom nie met 'n klomp beskuldigings en aanklagte nie. Hy gee hulle sy vrede. Die kruisiging het vrede tussen die sondaar en God gebring, en dit is wat hulle nou ontvang.

Dan wys Jesus hulle die merke aan sy liggaam. Dit is op daardie moment wat die vrees van die dissipels in blydschap verander. 'n Mens wonder wat hulle reaksie sou wees indien Jesus sonder die letsels aan hulle sou verskyn. Maar hierdie bewyse is belangrik vir hulle om te glo dat dit werklik Jesus is wat voor hulle staan. Hy is nie dood nie, Hy het opgestaan en Hy leef! Die feit dat die opgestane Heer nog fisiese letsels vertoon

is 'n bewys dat Jesus nie sy deernis met ons vergeet het nie. Hy wat self mens geword het, verstaan die moeilike en pynlike ervarings wat ons soms moet verduur. Moet jy vernedering verduur omdat jy aan God behoort? Wel, so het Jesus dit ook ervaar. Is jy bang dat alles dalk vir jou net te veel word? Jesus ken jou emosie; Hy het dieselfde ervaar en het by sy Vader gepleit: *My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan.* Voel jy soms alleen en verlate? Jesus verstaan dit; Hy het aan die kruis uitgeroep: *My God, my God, waarom het U My verlaat?* Ons dien nie 'n God wat eenkant staan en toekyk nie. Hy is hier met jou, Hy is volledig deel van al jou lewenservarings. So, wanneer ons ook al bang is, seerkry, bekommerd is, moedeloos is, dan is dit asof Jesus vir ons sê: Ek weet alles wat jy moet deurmaak, Ek was daar en Ek het die merke van my wonde as bewys.

Die deure mag egter nie gesluit bly nie. Jesus spreek 'n tweede keer sy vrede oor hulle uit, maar hierdie keer met 'n opdrag. *Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.* Met watter boodskap word hulle uitgestuur? Wat moet die hoofinhoud wees? Nie oordeel nie, maar vergifnis van sonde. Hy stuur hulle om oral oor vir mense te vertel dat Hy aan die kruis gesterf het. Dat Hy opgestaan het en dat Hy die littekens aan sy liggaam dra, sodat hulle kan weet dit is waar. Dit is 'n voorreg, maar ook 'n verantwoordelike taak. Net soos wat Jesus met die gesag van sy Vader tydens sy aardse bediening opgetree het, moet die kerk met die gesag van Christus optree en sy roeping vervul.

Die dissipels gaan van nou af as verteenwoordigers van God optree. Hulle het deur die asem van Jesus die gesag ontvang om verkondigers van dieselfde boodskap as Jesus te wees. Soos in die geval van die Seun, geld dieselfde beginsels as tevore: Die mense wat hulle boodskap aanvaar, ontvang vergifnis en die ewige lewe. Diegene wat nie die dissipels se boodskap aanvaar nie, ontvang nie vergifnis nie.

Wanneer God sy kerk roep en stuur, laat Hy hulle ook nie oor aan hulle eie, menslike vermoëns nie. Hy rus hulle toe met alles wat hulle nodig het. Hy gee die krag van die Heilige Gees. Die Gees is die Trooster, die Een wat ons bystaan, help en krag gee in al wat 'n moeilike situasie is. Die dissipels ontvang dit as Jesus oor hulle blaas en sê: *Ontvang die heilige Gees!* Moenie die krag van die Gees onderskat nie, dit is lewegewend. Daar is ten minste twee Skrifgedeeltes wat dit bevestig:

- Gen.2:7 - *Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en **lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.***
- Die visioen van die profeet, Esegïël, in die laagte vol droë bene waar hy die opdrag ontvang het om die Here op te roep om deur sy gees **lewe in die dooies te blaas** (Eseg. 37:1-14).

Om die rol as verkondigers van vergifnis te kan vervul, moet ons gereeld en aanhoudend toelaat dat Jesus oor ons asemhaal, dat die Heilige Gees wat ons as geskenk ontvang het en ons toerus en stuur, ons daaraan sal herinner dat dit nooit uit ons eie krag is wat ons verkondig nie, maar altyd in die voetspore van Jesus.

Wat moet ons doen as ons, soos Tomas, begin twyfel? Sien in jou geestesoog die littekens van die wonde op Jesus se liggaam. En dalk moet jy Halleluja 209 sing:

*Al my twyfel bring ek Jesus, Hy sal sy belofte hou;
Nimmer sal Hy my beskaam nie, op sy Woord kan ek vertrou.
Slegs vertrou, vol vertrou, slegs vertrou op sy Woord.*

Geseënde Pinksterfees!

Gebed

Here, daardie aand in die tuin van Getsemane
het U met bloedsweet bewys
dat U vir altyd sal kan saamvoel
met elke mens wat pyn en dood vrees,
met almal wat al ooit bang was.
En U het daar opgestaan
en die dood met moed en liefde oorwin
en teruggekóm uit die dood en vir u kinders kom sê:
“Moenie bang wees nie!” en “Vrede vir julle!”
In die lig van só 'n liefde en daardie oorwinning
het die dood sy angel verloor
en is vrees sy mag oor ons lewe kwyt.
Here, help my om, wanneer die vrees weer toeslaan,
te onthou dat u liefde die sleutel is
wat die boeie van angs oopsluit.

(Frank Doping)